

# DISSIPELSKAP LES 47

1	GEBED
---	-------

*Bid* vir God se leiding deur sy Gees, vir bewuswording van sy teenwoordigheid en vir die luister na sy stem. Wy hierdie les oor die maak van dissipels aan die Here toe.

2	AANBIDDING (20 minute) <i>[UITDRUKKINGS VAN AANBIDDING]</i> TOEWYDING AAN GOD EN SY GEESTELIKE DIENS
---	---

Meditasie.

Aanbidding is jou houding teenoor God uitgedruk in jou lewe en lewensstyl.

Tema: Toewyding aan God en sy geestelike diens.

Lees die uitleg voor of lê dit in jou eie woorde uit.

## 1. Toewyding.

Toewyding beteken om jouself aan iemand of iets te gee. Dit beteken dat jy jouself oorgee of onderwerp aan God, aan sy koningskap en aan dit wat Hy wil hê moet gebeur. Dit gaan daaroor dat ek God dien in ooreenstemming met die Heilige Gees en dis presies die teenoorgestelde van die letter van die wet (2 Korintiërs 3:6).

## 2. Toewyding van ons liggaam.

*Lees* Romeine 12:1; Romeine 6:12-13,19.

(1) Liggaam.

Hier gaan dit nie net oor jou fisiese liggaam nie, maar ook jou gees wat in jou liggaam woon, met ander woorde oor jou hele persoonlikheid. Jou liggaam gee uitdrukking aan jou gees, jou wese, jou persoonlikheid.

(2) Lewende offer.

Terwyl diereoffers gebring word deur hulle te slag/dood te maak, bring jy jou liggaam as 'n offer deur tot eer van God daarin te leef! Jy leef in jou liggaam nie onder die beheer van jou ou sondige natuur nie, maar onder beheer van jou wedergebore en hernieude natuur.

(3) Heilige offer.

Die woord “heilig” beteken “afgesonder van” (wat verkeerd is) en “toegewy aan” (wat reg is). Jy leef wel in hierdie sondige wêreld, maar sonder jou af van die sonde en wy jouself daaraan toe om in hierdie wêreld te leef vir Christus en Sy saak.

(4) Offer wat vir God aanneemlik is.

Jy wy jouself toe aan dit wat vir God aanneemlik is, wat God aanbeveel en verwelkom. Jy wil God bly maak met dit wat jy doen, waar jy dit doen, met wie jy dit doen en hoe jy dit doen.

(5) 'n Geestelike daad van aanbidding of 'n geestelike daad van diensbetoon.

Deur jou liggaam elke dag op hierdie manier toe te wy, beskou God as 'n geestelike daad van aanbidding en 'n geestelike daad van diensbetoon! Aanbidding vind nie net plaas in die gemeente se samekoms op 'n Sondag nie, maar midde in die gewone daaglikse lewe! Jy aanbid God deur elke dag en oral sy koninklike heerskappy, en wat reg is in sy oë te soek (Matteus 6:33).

## 3. Toewyding van ons denke.

*Lees* Romeine 12:2.

(1) Moenie aanpas by die wêreld nie.

Jy moenie toelaat dat jou denke, jou persoonlikheid en jou karakter gevorm word deur hierdie sondige wêreld, deur die kulture van sondige mense of deur die godsdienste van hierdie sondige mense nie. Jy moet weier om aan te pas by atëistiese filosofieë, valse godsdienste<sup>1</sup>, seksuele immoraliteit, slegte vriende, afbrekende gesprekke, vieslike tydskrifte, twyfelagtige aktiwiteite (casino's, loterye en weddenskappe), eksperimentering met verdowingsmiddels en

<sup>1</sup> Byvoorbeeld “aanpas” deur nie meer te praat oor “die Seun van God” nie, omdat bepaalde godsdienste daaraan aanstoot neem. Hierdie mense verander nie deurdat christene hulle Bybel en hulle geloofsoortuigings aanpas nie, maar verander net as mense in hierdie godsdienste weergebore word en begin begryp Wie “die Seun van God” is (Johannes 3:3-8; Matteus 16:13-18; Johannes 5:16-30; Johannes 10:24-39; Johannes 20:24-29)! (Vergelyk handleiding 2, supplement 8 “Die aard van God en van die Seun van God”!) Die Bybelvertaling moet nie aangepas word sodat dit geen aanstoot meer gee nie, maar die Bybelse begrippe moet wel goed uitgelê word in die voetnote sodat hierdie mense hulle denke kan verander! Die “aanpassing” in 1 Korintiërs 9:20-23 – “vir die Jode het ek 'n Jood geword” beteken nie dat fundamentele begrippe in die Bybel gewysig moet word om die Jode geen aanstoot te gee nie, maar beteken dat die gedrag van Christene die Wet van God (die liefde) moet respekteer, soos Romeine 14:1 – 15:12 ook leer.

buitehuwelike seks, ekstremistiese politiek, gewaagde sport, ens. 'n Christen weerstaan elke vorm van kwaad. "Aanpas" is om 'n kompromis te sluit met onveranderde mense, met hulle onveranderde denke en hulle onveranderde gedrag.

(2) Maar verander.

Jy wy jou toe aan 'n voortgaande vernuwing van jou denke wat lei tot 'n voortgaande verandering van jou geloofsoortuigings en verandering van jou gedrag! Terwyl "verandering" begin met uiterlike veranderinge soos mode in kleding of woorde in gesprekke, begin "verandering" met innerlike verandering as transformasie van jou denke, motiewe, houdings en geloofsoortuigings in ooreenstemming met God se Woord wat uiteindelik lei tot uiterlike veranderinge in gedrag! Dit gebeur wanneer jy geen kompromis sluit met die sondige wêreld en sy godsdienste nie, maar jou laat vernuwe deur God se Woord soos God dit bedoel het deur die Gees van God. Jou doel is nie dat mense vir jou godsdienstige boek en godsdienste gewen word nie, maar dat hulle wedergebore en vernuwe word (Titus 3:4-8) en só vir Christus Jesus en sy Koninkryk (koningskap) gewen word!

#### 4. Toewyding van ons ledemate.

(1) Oë.

**Lees** Matteus 6:22-23. Jy wy jou oë toe aan God, omdat jou oë die deure is waardeur dinge jou siel binnedring! Byvoorbeeld, "Ek het my plegtig verbind om nie na 'n meisie te kyk en haar te begeer nie" (Job 31:1)!

(2) Ore.

**Lees** Jesaja 50:4-5.

Jy wy jou ore toe aan God, omdat jou ore jou met God se stem verbind! "So sê die Here die Almagtige: Julle moenie luister na wat die profete sê nie, die profete wat vir julle as profete optree. Hulle wek vals verwagtings by julle, hulle praat oor visioene wat hulle self uitdink, nie oor wat die Here sê nie" (Jeremia 23:16).

(3) Tong.

**Lees** Matteus 12:34-37.

Jy wy jou tong aan God toe, omdat jou tong aan die lig bring wat verborge is in jou hart. "Vuil taal moet daar nooit uit julle mond kom nie; praat net wat goed en opbouend is volgens die eis van omstandighede, sodat dit julle hoorders ten goede kan kom" (Efesiërs 4:15,29).

Aanbidding

*Laat* elkeen van ons om die beurt (in één of twee sinne) God aanbid en 'n deel van ons liggaam toewy aan God as 'n geestelike daad van aanbidding.

3	DEEL (20 minute)	[STILTETYE] PREDIKER 1 - 4
---	------------------	-------------------------------

*Maak beurte en vertel/deel (of lees) kortliks* wat jy in een van jou stiltetye uit die voorgeskrewe Bybelgedeelte geleer het (Prediker 1 - 4). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie verder ingaan op wat hy deel nie.

4	ONDERRIG (70 minute)	[LEIERSKAP] DIE KENMERKE VAN 'N CHRISTENLEIER
---	----------------------	--

Hierdie studie is beperk tot die leierskap in die Nuwe Testament. Kyk na al die leierskapstudies in Dota:

Handleiding 3, les 34. Bybelstudie oor die leierskap van die gemeente. 1 Petrus 5:1-7.

Handleiding 4, les 47. Die kenmerke van 'n christenleier.

Handleiding 4, supplement 19. Die historiese ontwikkeling van leierskap in die kerk.

Handleiding 4, supplement 20. Diakens in die Nuwe Testament.

Handleiding 6, les 17. Kerkseremonie. Die aanstelling van kerkleiers.

Handleiding 6, supplement 23. Vroulike werkers in die gemeente.

## A. BEGRIPPE M.B.T. LEIERSKAP

### 1. Definisies van leiers in die Nuwe Testament.

Omdat sommige Bybelvertalings die Griekse woorde vir leiers nie korrek vertaal nie, word die oorspronklike Griekse woorde vir leiers in hierdie studie en ook in die beste Bybelvertalings op konsekwente wyse met dieselfde Afrikaanse woorde vertaal.

Die Griekse woorde "presbuteros" (enkelvoud) en "presbuteroi" (meervoud) word konsekwent vertaal met die Afrikaanse woorde "oudste (ouderling)" en oudstes (ouderlinge)". Die Griekse woord staan vir die leierskapsamp in die plaaslike gemeente. Hierdie Griekse woorde word nie vertaal met die woorde "priester (priesters)" of "pastor/pastoor (pastore)" nie, omdat hierdie vertalings posisies van mag in moderne tradisionele gemeentes (kerke) aandui.

Die Griekse woorde “episkopos” (enkelvoud) en “episkopoi” (meervoud) word konsekwent vertaal met die Afrikaanse woord “opsiener (opsieners)”. Die Griekse woord staan vir één van die funksies of take van die oudstes (ouderlinge) en nie vir ’n ander amp as die oudste in die Gemeente nie! Hierdie Griekse woorde word nie vertaal met die woorde “biskop (biskoppe)” nie, omdat hierdie vertalings posisies van mag aanduid in moderne tradisionele gemeentes (kerke).

Die Griekse woorde “poimén” (enkelvoud) en “poimenes” (meervoud) word konsekwent vertaal met die Afrikaanse woorde “herder (herders)”. Die Griekse woord staan vir ’n tweede funksie of taak van die oudstes (ouderlinge) en nie vir ’n ander amp as die oudste in die gemeente nie. Hierdie woorde word nie vertaal met die woorde “pastor” (pastors)” of “pastoor” (pastore)” nie, omdat hierdie vertalings posisies van mag aandui in moderne tradisionele gemeente (kerke).

Die Griekse werkwoord “episkopeó” (1 Petrus 5:2) word vertaal met die Afrikaanse woord “toesig hou”. Dit is die funksie of taak van ’n opsiener (dus: oudste).

Die Griekse werkwoord “poimainó” (Handelinge 20:28; 1 Petrus 5:2) word vertaal met die Afrikaanse woord “oppas/wei”. Dit is die funksie of taak van ’n (skaap)herder (dus: oudste).

## 2. Drie woorde vir “’n oudste (ouderling)” in die gemeente.

(1) In die Nuwe Testament word die woorde “oudste”, “herder” en “opsiener” verwisselbaar gebruik. In die Nuwe Testament word “oudstes (ouderlinge)” ook met hulle take aangedui. Dus ontstaan daar drie woorde vir die leiers van die gemeente: “oudstes”, “herders” en “opsieners”.

“Oudste (ouderling)” in Grieks is “presbuteros”. Die Afrikaanse woord “priester” is hiervan afgelei (Handelinge 20:17; 1 Timoteus 5:17; Titus 1:5; 1 Petrus 5:1).

“Herder” in Grieks is “poimén” en in Latyn “pastor”. Die Afrikaanse woord “pastoor” is hiervan afgelei (Handelinge 20:28; 1 Petrus 5:2).

“Opsiener (toesighouer)” in Grieks is “episkopos”. Die Afrikaanse woord “biskop” is hiervan afgelei (Handelinge 20:28; Titus 1:7; 1 Petrus 5:2)

Gedurende die eerste eeu (30-97 n.C.) verwys die woorde “oudste”, “herder” en “opsiener” sonder onderskeid na dieselfde amp! In Handelinge fungeer alle oudstes (Handelinge 20:17) as herders en opsieners van die gemeente (Handelinge 20:28)! In Titus word elke oudste (Titus 1:5) ’n opsiener (Titus 1:7) genoem. En in 1 Petrus fungeer alle oudstes (1 Petrus 5:1) as herders en opsieners (1 Petrus 5:2) onder die Opperherder (1 Petrus 5:4), Jesus Christus. Dit bewys dat m.b.t. terminologie, Lukas, Paulus en Petrus die woorde “oudste”, “herder” en “opsiener” as sinonieme gebruik! Ongeag wat hierdie woorde vandag in kerkgenootskappe beteken, in die Nuwe Testament was daar geen onderskeid tussen die oudstes, herders en opsieners nie!

(2) Die betekenis van die woorde “oudste”, “herder” en “opsiener”. Hierdie drie woorde beskryf nie drie verskillende ampte of kerklike posisies nie, soos sommige kerkgenootskappe leer nie. Hulle verwys alreeds na een en dieselfde amp, naamlik die amp van oudste (ouderling). Hulle beskryf die amp vanuit drie verskillende gesigspunte.

- Die uitdrukking “oudste” verwys na die geestelike volwassenheid, ervaring en respek van die amp.
- Die uitdrukkings “herder” en “opsiener” verwys na twee belangrike take van die amp. Die Nuwe Testament leer dat die oudstes van elke gemeente die herders en die opsieners van hulle gemeente is. Hulle deel die offisiële take van die oudstes: pastoraat, toesig, leierskap en onderrig.

## 3. Ampte in die Nuwe Testament.

(1) Amp.

’n Amp is ’n toegewese of toevertroude taak

- met verantwoordelikhede
- en gesag wat daarby pas
- en waarvan die persone wat die amp beklee rekenskap moet gee.

(2) Leierskapsamp.

Volgens die Bybel is die enigste leierskapsamp in die plaaslike gemeente die van die oudste (ouderling) (Handelinge 11:30; Handelinge 14:23; Handelinge 20:17; 1 Timoteus 5:17; Titus 1:5; Jakobus 5:14; 1 Petrus 5:1).

Leierskap in die Nuwe-Testamentiese gemeente is:

- altyd gedeelde leierskap. Die woord “oudste” staan altyd in die meervoud en dus word hierdie funksie of taak altyd met andere gedeel (Handelinge 14:23; 1 Timoteus 4:14).
- altyd dienende leierskap. Sowel Jesus Christus as die apostel Petrus leer dat leierskap in die Bybel altyd dienend is (Matteus 20:25-28; 1 Petrus 5:2-3)! En daarom mag niemand in hierdie funksie of taak oor andere heers nie!

(3) Die ouderdom van oudstes.

Hoewel die woord “oudste” in die klassieke Grieks (presbuteros) verwys na ’n ouer, bekwamer of ervare man in die gemeente, verwys die woord in sowel die Ou Testament as in die Nuwe Testament ook na ’n man met ’n leiersamp. Die woord “oudste” verwys in die Ou Testament (Ekodus 18:13-26; Numeri 11:16-17; Deuteronomium 1:9-18) bo alles na die leiersamp in God se Ou-Testamentiese volk, Israel, en nie na ou manne nie. En die woord “oudste” verwys in die

Nuwe Testament (Handelinge 11:30; Handelinge 14:23; Handelinge 20:17,28; 1 Timoteus 5:17, Titus 1:5-6; 1 Petrus 5:1-4) bo alles na die leiersamp in God se Nuwe-Testamentiese volk, die Gemeente (Kerk) (d.w.s. “ouderling”), en nie na ou manne nie.

Nêrens word ’n minimum ouderdom as voorwaarde aangegee nie. Beide in die Ou en Nuwe Testament moet die oudstes (ouderlinge) aan bepaalde vereistes voldoen, bepaalde verantwoordelikhede uitvoer en die mense dien. As ’n jong man kwalifiseer, is daar niks in die Bybel wat hom verbied om as oudste (ouderling) aangestel te word nie (Handelinge 14:21-23; 1 Timoteus 3:6-7; 1 Timoteus 4:12)! Dus, die woord “oudste (ouderling)” verwys nie noodsaaklik na ’n ouer man nie, maar eerder na ’n volwasse man wat kwalifiseer om as ’n leier in die gemeente te dien.

(4) Dienende ambte.

Die dienende ampte (in teenstelling tot die leierskapsamp van oudste/ouderling) in die gemeente is die volgende: sendelinge (mense wat deur die gemeente uitgestuur is), predikers, evangeliste, herders, leraars (Efesiërs 5:11-12), diakens (Handelinge 6:1-7), groepleiers of kringleiers, jeugleiers, ens. Hierdie dienende ampte word deur die raad van oudstes (ouderlinge) aangewys en is verantwoording verskuldig aan die raad van oudstes (ouderlinge). Nietemin is die leierskapsamp in die Bybel (die oudste/ouderling) nooit ’n heersende funksie of taak en nooit ’n posisie van mag nie, maar ’n dienende funksie of taak!

Omdat ’n plaaslike gemeente nooit net deur één leier (pastoor, pastor, dominee, voorganger, ens.) gelei behoort te word nie, kan ’n aantal huisgemeentes saam één plaaslike gemeente met ’n raad van oudstes (ouderlinge) vorm. Prakties kan dit so werk dat ’n raad van oudstes (ouderlinge) minstens drie oudstes (ouderlinge) het. Dis bewys in geslote lande dat ’n raad van oudstes (ouderlinge) gemaklik drie tot vyftien huisgemeentes kan lei.

## B. DIE ABSOLUTE LEIER IN DIE GEMEENTE (KERK): JESUS CHRISTUS

Die hoogste en ewige Leier van die wêreldwye Gemeente of Kerk is Jesus Christus.

*Lees* Matteus 16:18; Efesiërs 1:22; 1 Petrus 2:25; 1 Petrus 5:4

In Matteus 16:18 sê Jesus, “En Ek sê vir jou: Jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek my kerk bou, en die magte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie.”

### 1. Jesus Christus is die Eienaar van die Gemeente (Kerk).

Hy het gesê “Dit is My Kerk (Gemeente)”. Die wêreldwye Gemeente (Kerk) en alle plaaslike gemeentes (die Rooms Katolieke Kerk gebruik die woord “parogies”) in die wêreld behoort nie aan een of ander kerkgenootskap, of christelike orde of organisasie, of kerklike leier of die lede van die Kerk nie, maar net aan die Here Jesus Christus. Hy het die Gemeente (Kerk) met sy eie bloed (by sy kruisdood) gekoop (Handelinge 20:28). Vergelyk ook die uitdrukking, “kudde van God” (1 Petrus 5:2).

### 2. Jesus Christus is die Bouer van die Gemeente (Kerk).

Jesus het ook gesê, “Ek bou My Kerk”. Sendelinge (die Rooms Katolieke Kerk gebruik die woord: “missionarisse”), leiers van gemeentes (kerke) of ander mense bou nie die wêreldwye Gemeente (Kerk) nie en ook nie die plaaslike gemeente nie. Jesus Christus (God) bou sy Kerk deur gebruikmaking van sy dienaars (1 Korintiërs 3:5-11). Sonder Jesus Christus kan niemand iets doen wat blywende of ewige waarde het nie (Johannes 15:5)!

### 3. Jesus Christus is die Hoof van die Gemeente (Kerk).

In Efesiërs 1:22 staan dat God Jesus Christus aangestel het as Hoof oor alles vir die wêreldwye Gemeente (Kerk). Geen mens op aarde mag hierdie posisie inneem nie! Geen mens mag ’n “pous”<sup>2</sup>, “kardinaal”<sup>3</sup>, “patriarg”<sup>4</sup>, “metropoliet”<sup>5</sup> of “aartsbiskop”<sup>6</sup> wees nie, omdat alleen Jesus Christus hierdie titel mag dra!

Jesus Christus alleen is “die Ewige Vader” (Jesaja 9:5; vergelyk Johannes 10:30), “die Herder van die kudde” (Johannes 10:16), “die Herder en Bewaker (Grieks: Biskop)<sup>7</sup> van julle lewe” (1 Petrus 2:25). Jesus Christus alleen is “die Opperherder”<sup>8</sup> oor alle oudstes (ouderlinge) (die Rooms Katolieke Kerk gebruik die woord “priesters” in die gemeentes. Jesus Christus alleen is “die Apostel en Hoëpriester van die geloof wat ons bely”<sup>9</sup> (Hebreërs 3:1; Hebreërs 7:22-8:2). En Jesus Christus is “die hoek klip”<sup>10</sup>

<sup>2</sup> Pous of “papa” beteken: “biskop” in Bisantynse Grieks en is die hoogste amp in die Rooms Katolieke Kerk.

<sup>3</sup> Kardinaal beteken: “vernaamste” en is ’n titel vir die hoogste waardigheidsbekleërs in die Rooms Katolieke Kerk

<sup>4</sup> Patriarg beteken: “eerste/hoogste/vernaamste + vader” en is die hoogste amp in die Ortodokse Kerke. In die Rooms Katolieke Kerk is dit ’n hiërargiese rang wat volg op die pous en kardinale.

<sup>5</sup> Metropoliet beteken “moeder + stad” en is in die Rooms Katolieke Kerk die aartsbiskop of hoof van een van die belangrikste kerkprovinsies.

<sup>6</sup> Aartsbiskop” beteken: “eerste/hoogste/vernaamste + biskop” en is in die Rooms Katolieke Kerk die biskop van die hoofstad van ’n kerkprovinsie. Hy bestuur self ’n bisdom en het die oppergesag oor ander bisdomme.

<sup>7</sup> Grieks: τον ποιμενα και επισκοπον των ψυχων υμων

<sup>8</sup> Grieks: αρχιποιμενος (1 Petrus 5:4) + πρεσβυτεροι (1 Petrus 5:1)

<sup>9</sup> Grieks: τον αποστολον και αρχιερα της ομολογιας ημων Ιησου

<sup>10</sup> Die hoeksteen /hoek klip van ’n gebou is die eerste en bepalende steen wat geplaas word. Hy bepaal die rigting van die hele gebou en steun die dak.

(1 Petrus 2:6), “die belangrikste klip”<sup>11</sup> (1 Petrus 2:7; Matteus 21:42) en “die enigste fondament”<sup>12</sup> (1 Korintiërs 3:11) van sy Gemeente (Kerk)!

#### 4. Jesus Christus en die uitoefening van sy gesag.

(1) Jesus Christus oefen sy gesag uit deur die Bybel.

**Lees** Johannes 8:31-32; (Handelinge 20:27,32; Efesiërs 6:17; 1 Timoteus 3:14-15; 2 Timoteus 3:16-17; Titus 1:9; Hebreërs 4:12-13).

Christus oefen sy gesag uit deur onderrig uit die Bybel. Die Bybel is die geopenbaarde en opgetekende wil van Christus vir elke Christen en vir elke gemeente. Christus het aan die Gemeente (Kerk) sy grondwet gegee, naamlik die fundamentele onderrig waarvolgens die Gemeente (Kerk) bestuur moet word. Hierdie onderrig is in die Nuwe Testament opgeteken.

Christene en gemeentes mag nie gaan bó wat (in die Bybel) geskryf staan nie (1 Korintiërs 4:6-7; vergelyk 1 Korintiërs 1:19)! Christene en gemeentes mag nie gaan bó wat geskryf staan in die profete van die Ou Testament (Deuteronomium 4:2; Deuteronomium 5:32; Josua 1:7; Jesaja 29:13; Jeremia 8:8) en die apostels van die Nuwe Testament nie (Matteus 4:4-7; Handelinge 26:22; Handelinge 8:25; 1 Petrus 1:9-12; 2 Petrus 3:1-2; Openbaring 22:18-19). Christene mag nie bly vashou aan kerklike tradisies wat die Woord van God ongeldig maak of van sy krag beroof nie (Matteus 15:3,6; Markus 7:7-8)!

(2) Jesus Christus oefen sy gesag uit deur die Heilige Gees.

Die Heilige Gees is die Gees van Christus en die Advokaat of Verteenwoordiger van Christus op die aarde. Hy verteenwoordig Christus heeltemal effektief in die wêreldwye<sup>13</sup> Gemeente (Kerk) en in elke plaaslike gemeente.

**Lees** Johannes 16:13-15; (Johannes 14:26; Johannes 15:26; Johannes 20:21-23; Lukas 24:49; Handelinge 1:5-8). Christus het die apostels deur die Heilige Gees toegerus vir hulle spesiale taak, naamlik om die grondliggende leiers van die Gemeente (Kerk) te wees. Deur sy Gees het Hy hulle gelei in die hele waarheid, en hulle herinner aan die woorde wat Hy gespreek het en die daede wat Hy op aarde gedoen het en het hulle alles wat hulle moes weet geleer. So het die apostels van Jesus Christus die betroubare en gesaghebbende getuies van Jesus Christus geword toe hulle die evangelie verkondig het, mense tot dissipels van Jesus Christus gemaak het en die waarheid in die Nuwe-Testamentiese boeke opgeteken het.

**Lees** Handelinge 15:28. Deur die Heilige Gees het Jesus Christus die vergadering gelei en met die besluite wat die verteenwoordigers van die gemeente van Antiochië saam met die apostels van Jesus Christus en die oudstes (ouderlinge) van die gemeente van Jerusalem geneem het.

Daar is geen bewys in die Bybel vir enige oorkoepelende organisasie bó die raad van oudstes (ouderlinge) gedurende die Nuwe-Testamentiese periode nie! Die moderne voorstelling dat ‘n konsilie of sinode of konferensie bó enige plaaslike gemeente of selfs bo die wêreldwye Gemeente (Kerk) staan, kom gladnie in die Bybel voor nie!

**Lees** Johannes 16:8; (Romeine 8:5-10; Galasiërs 5:16,18,25; Efesiërs 6:17). Die Heilige Gees gaan voort om Christene te lei en te herinner, maar nooit in stryd met wat daar in die Bybel geskrywe staan nie.

(3) Jesus Christus oefen sy gesag uit deur die raad van oudstes (ouderlinge) in die plaaslike gemeente.

**Lees** Handelinge 20:17,28. Jesus Christus het sy gesag uitgeoefen d.m.v. die raad van oudstes (ouderlinge) van die plaaslike gemeente, maar net as die oudstes (ouderlinge) hulle onderwerp aan die gesag van die Bybel. Dit is ‘n geweldige troos en bemoediging om te weet dat Jesus Christus altyd teenwoordig is wanneer ‘n gemeente saamkom om te aanbid of op te tree en te spreek in die Naam van Jesus Christus (Matteus 18:20; Matteus 28:20).

(4) Voorbeelde van die heerskappy van Jesus Christus.

**Lees** Johannes 16:7-10,13-15. Christus bly steeds met mense praat deur sy Heilige Gees.

**Lees** Johannes 3:3-8; 2 Tessalonisense 2:13-14; 1 Petrus 1:2. Christus roep mense op ‘n effektiewe wyse op deur die verkondiging van die evangelie en maak dat hulle weergebore, gered, bevry en geheilig word.

**Lees** Efesiërs 4:7. Christus rus Christene toe deur hulle genadegawes (geestesgawes) te gee soos Hy bepaal.

**Lees** Markus 13:34; 1 Korintiërs 3:6; 1 Korintiërs 12:5-7. Christus dra aan elke Christen ‘n taak op in die gemeente en in die wêreld.

**Lees** Efesiërs 1:20-22. Christus is die Hoof van die Gemeente (Kerk) en vervul alles in almal. Maar Christene het ook ‘n persoonlike en gemeenskaplike verantwoordelikheid op al hierdie gebiede. Hulle sal nie die heerskappy van Jesus Christus deur sy Gees in hulle persoonlike lewe of in die gemeente ervaar as hulle nie hulle verantwoordelikheid nakom nie!

**Samevatting.** Jesus Christus is die Bouer, Eienaar en Hoof van die wêreldwye Gemeente (Kerk) en van elke individuele gemeente in die wêreld, nou en vir altyd! Hy alleen is die absolute en ewige Leier van die wêreldwye Gemeente (Kerk)

<sup>11</sup> Die sluitsteen in ‘n poort is die laaste en boonste steen wat laaste ingeplaas word. As dit af val vermorsel dit alles daaronder.

<sup>12</sup> θεμελιον γαρ αλλον ουδεις δυναται θειναι παρα τον κειμενον, ος εστιν Ιησους Χριστος

<sup>13</sup> Grieks: katholikos (katolie), nie Rooms katolie (één van die kerkgenootskappe nie)

en van elke plaaslike gemeente. Hy beoefen sy gesag d.m.v. die Bybel, die Heilige Gees en die raad van oudstes/ouderlinge.

### C. DIE GRONDLEGGERS VAN DIE GEMEENTE (KERK): DIE APOSTELS.

#### 1. Die apostels van Jesus Christus het 'n unieke roeping van Christus gehad.

**Lees** Markus 3:13-19. Die apostels van Jesus Christus is nie deur een of ander kerkgenootskap, konsilie van kardinale of sinode van afgevaardigde kerkleiers gekies, geroep en aangewys nie, maar wel deur Jesus Christus self (Markus 3:13-15; Johannes 17:18; Johannes 20:21). Hulle was 'n unieke groep manne omdat Jesus Christus hulle persoonlik gekies, persoonlik geroep, persoonlik toegerus en persoonlik uitgestuur het om sy getuies te wees toe Hy nog op aarde was.

Paulus is die enigste apostel van Jesus Christus in die Bybelse geskiedenis vir wie Jesus Christus ná sy hemelvaart geroep het (Handelinge 9:1-19; Handelinge 22:1-21; Handelinge 26:1-29; 1 Korintiërs 9:1-2; Romeine 1:1). Mense wat valslik aanspraak maak daarop dat hulle apostels van Jesus Christus is, moet as leuenaars ontmasker word (2 Korintiërs 11:1-15; Openbaring 2:3).

#### 2. Die apostels van Jesus Christus het unieke take in die historiese Kerk gehad.

Terwyl 'n uitnodiging van die hand gewys kan word, kan 'n roeping nie geweier word nie; dis ongehoorsaamheid. 'n roeping deur Jesus Christus persoonlik moet gehoorsaam word (Handelinge 9:15; Handelinge 22:14-15; Handelinge 26:16-18; Romeine 1:14; 1 Korintiërs 9:1; Galasiërs 2:7-9). "Ek verkondig die evangelie omdat ek móét! En wee my as ek dit nie doen nie" (1 Korintiërs 9:16)! Die apostels van Jesus Christus is geroep tot die volgende unieke take in die Historiese Kerk.

(1) Die apostels van Jesus Christus was unieke getuies van Jesus Christus.

Die apostels van Jesus Christus was die oog- en oorgetuies van Jesus Christus, vansy dood en van sy opstanding (Lukas 24:45-48; Handelinge 1:21-22; Handelinge 26:16,23).

(2) Die apostels van Jesus Christus was unieke Bybelskrywers.

Jesus het beloof dat die Heilige Gees sy dissipels (later apostels) sou herinner aan die woorde wat Hy op aarde gespreek het (Johannes 14:26) en dat Hy hulle in die hele waarheid sou lei (Johannes 16:12-15). Die Evangelie van Matteus en die Evangelie van Johannes is deur apostels van Jesus Christus geskryf. Die Evangelie van Markus en die Evangelie van Lukas is deur die medewerkers van die apostels Petrus en Paulus geskryf. Agttien van die een-en-twintig briewe is deur die volgende apostels geskryf: Paulus, Petrus en Johannes. En Openbaring is deur die apostel Johannes geskryf. Niemand mag iets aan die Bybel toevoeg of iets van die Bybel wegneem (Openbaring 22:18-19)!

(3) Die apostels van Jesus Christus was unieke gemeentepianterers.

Die apostels van Jesus Christus het die evangelie verkondig aan die Jode en het die eerste plaaslike gemeente onder die Jode gevestig (Handelinge 2:14,37-42). Hulle was onontbeerlik noodsaaklik in die vestiging van die eerste plaaslike gemeente onder die Samaritane (Handelinge 8:14-17; vergelyk Handelinge 9:31). En ten slotte het hulle die evangelie aan die heidene (nie-Jode) verkondig en het die eerste plaaslike gemeente onder die heidene in Sesarea (Handelinge 10:24-25; Handelinge 11:14-18) en in Siprus en Turkye (Handelinge 13-14) gevestig. Dus, die elf dissipels van Jesus Christus en Paulus het die eerste plaaslike gemeentes in die geskiedenis onder die drie hoofgroepe van mense in die Bybel gevestig:

- onder die Jode (die afstammeling van die suidelike koninkryk van Juda)
- onder die half-Jode of Samaritane (die gemengde afstammeling van die noordelike koninkryk van Israel)
- onder die nie-Jode of heidene (die volke buite God se Ou-Testamentiese volk) (Handelinge 1:8; Handelinge 9:31).

Hulle was die grondleggers van die Historiese Gemeente (Kerk) – hulle was die fondament van die Historiese Kerk wat Jesus Christus gebou het (Matteus 16:18-19; Matteus 18:18; Efesiërs 2:20; Openbaring 21:14).

(4) Die apostels van Jesus Christus was unieke aanstellers van gemeente leiers.

Die apostels van Jesus Christus het die eerste diakens (Handelinge 6:1-7) in die gemeente aangestel. Saam met die profete het hulle ook die eerste oudstes (ouderlinge) aangestel (Handelinge 14:23; Titus 1:5). Die profete of verkondigers soos Barnabas, Timoteus, Titus en Silas het die apostels met hulle take gehelp (Handelinge 15:32).

#### 3. Die apostels van Jesus Christus het unieke gesag en krag in die Historiese Kerk gehad.

**Lees** Matteus 16:18-19; Matteus 18:18; Johannes 20:19-23; Handelinge 1:8. Die apostels van Jesus Christus was toegerus met 'n spesiale maat van die krag van die Heilige Gees om hulle taak uit te voer. Dit was simbolies uitgedruk deurdat Jesus op hulle geblaas het. Hul taak was:

- om die oog- en oorgetuies van die opgestane Here Jesus Christus te wees deur wat hulle gesien en gehoor het
- om die waarheid aan die begin van die Kerkgeskiedenis te verkondig
- om die waarheid op te teken in die Nuwe Testament
- om die eerste plaaslike gemeentes te stig onder die drie hoofgroepe mense
- om die eerste leiers van die plaaslike gemeentes aan te stel (naamlik, die oudstes/ouderlinge).

Daarom word hulle ook die fondament van die wêreldwye Gemeente genoem (Efesiërs 2:20; Openbaring 21:14).

Hulle het ook spesiale gesag gekry:

- om die leer van die Gemeente (Kerk) vas te stel deur hulle verkondiging en onderrig (Handelinge 15:28-29; 2 Timoteus 1:13-14)
- om Christene te beveel om hulle onderrig te gehoorsaam (Handelinge 16:4; Romeine 6:17; 2 Korintiërs 10:4-6;
- 2 Tessalonisense 3:14)
- om mense in die Koninkryk van God (die Gemeente) op te neem (in te sluit) of buite die Koninkryk van God uit te sluit (Handelinge 8:14-17; Handelinge 5:1-11)
- om die buitengewone “tekens van ‘n apostel” te verrig (Markus 16:20; 2 Korintiërs 12:12; Hebreërs 2:3-4).

#### 4. Die apostels van Jesus Christus het tydens hulle lewe as oudstes (ouderlinge) in die gemeente gefunkioneer.

In 1 Petrus 5:1 noem die apostel Petrus homself “‘n mede-oudste (medeouderling)” van die gemeente in die provinsies van Klein Asië (Turkye). Toe Petrus die evangelie aan nie-Christene verkondig het, die eerste plaaslike gemeente onder die Jode, die half-Jode en die nie-Jode geplant het en briewe in die Nuwe Testament geskryf het, het hy gefunksioneer as “‘n apostel” (‘n uitgestuurde oog- en oorgetuie) van Jesus Christus (Matteus 16:18; Johannes 16:13-15). Maar toe Petrus in ‘n plaaslike gemeente bly en werk, het hy as een van die plaaslike oudstes (ouderlinge) gefunksioneer (1 Petrus 5:1). Die ander apostels het ook as oudstes gefunksioneer (Handelinge 6:4; 2 Johannes 1; 3 Johannes 1). Maar omdat hulle hoofsaak was om dissipels van Jesus Christus onder die volke te maak en nog meer plaaslike gemeentes te plant, het hulle plaaslike manne aangestel om “oudstes (ouderlinge)” in hulle gemeentes te wees (Handelinge 14:23; Titus 1:5). Daarna het hulle ook nie oor hierdie rade van oudstes (ouderlinge) geheers nie!

#### 5. Die apostels van Jesus Christus moet van die apostels van die gemeente onderskei word.

Die apostels van die gemeentes was die verteenwoordigers of boodskappers van die gemeentes (2 Korintiërs 8:23; Filippense 2:25) of in breër sin “sendelinge”, uitgestuur om Jesus Christus en sy saak te verteenwoordig wanneer hulle nuwe gemeentes plant (Handelinge 14:1-4; 1 Tessalonisense 2:6-7).

Manne wat die genadegawe van “apostels” ontvang het (1 Korintiërs 12:28; Efesiërs 4:11-16) is nie aangestel om die gemeente te lei nie, maar om die gemeente te dien deur mense toe te rus vir hulle werk in die gemeentes. Al hierdie apostels, profete, evangeliste, herders en leraars behoort onder die raad van oudstes van die gemeente te funksioneer (1 Timoteus 5:17). Selfs die apostel Petrus het as ‘n “oudste” in die gemeente wat hy gedien het, gefunksioneer (1 Petrus 5:1-2).

#### 6. Die apostels van Jesus Christus moet van valse apostels onderskei word.

Die apostels van Jesus Christus het Christene gewaarsku om op te pas vir valse apostels, mense wat daarop aanspraak maak dat hulle gelyk is aan die apostels van Jesus Christus. Valse apostels moet ontmasker en weerstaan word (2 Korintiërs 11:1-15; Openbaring 2:2; vergelyk 3 Johannes 9-10).

#### 7. Die apostels van Jesus Christus het geen opvolgers nie.

*Lees* Handelinge 1:21-26; (Efesiërs 2:19-20; Efesiërs 3:4-5; Openbaring 21:14). Die apostels van Jesus Christus het bestaan uit die elf dissipels van Jesus Christus (Lukas 24:9,33) en die apostel Paulus (Handelinge 22:14; Handelinge 26:15-18; 1 Korintiërs 1:1; 1 Korintiërs 9:1). Die apostels van Jesus Christus het geen opvolgers soos die latere biskoppe, patriarge en pouse in die historiese Kerk nie, omdat geen enkele mens in die daaropvolgende eeue sou kwalifiseer nie, volgens Handelinge 1:21-22. Die getal apostels van Jesus Christus sal altyd tot hierdie twaalf beperk bly (Openbaring 21:14).

Die Bybel leer nie die sogenaamde “Apostoliese Suksesie (erfopvolging)” nie, d.w.s., dat Petrus die eerste biskop en pous was en dat hy in die Kerkgeskiedenis opgevolg moes word deur ander biskoppe en pouse! Die gesag wat aan die apostel Petrus gegee is in Matteus 16:18-19 is ook aan die ander apostels van Jesus Christus gegee in Johannes 20:21-23. “Die apostels van Jesus Christus” bly beperk tot die elf dissipels van Jesus Christus en Paulus. Niemand in die gekiedenis het Jesus Christus opgevolg as die Hoëpriester, die Apostel (Hebreërs 3:1-6), of die Biskop (1 Petrus 2:25), of “die Hoof” (Efesiërs 1:22) van die wêreldwye Gemeente/Kerk nie!

### **D. DIE AANGESTELDE (BEVESTIGDE) LEIERS VAN DIE GEMEENTE (KERK).**

Gedurende die Ou-Testamenties periode het God die profete, die hoëpriester, die priesters en die Leviete, en die konings aangestel, NIE om ‘n hiërargie (‘n piramide struktuur van heersende leiers) in Israël te vorm nie, maar om die volk te dien in verskillende take wat bo alles geestelik was.

- Die profete het God by sy volk verteenwoordig deur Gods Woord aan hulle te verkondig.
- Die priesters het die volk van God by God verteenwoordig deur hul offerandes en gebede by God te bring.
- Die konings het God by sy volk verteenwoordig deur hul regverdige dae. Toe die Israëliete ‘n menslike koning net soos die ander volke begeer het, het hulle in feite God as hul enige Koning verwerp (1 Samuel 8).

### 1. Die oudstes (ouderlinge) gedurende die Israelitiese periode van die Ou Testament.

Lees Ekodus 3:16; Eksodus 18:17-26; Deuteronomium 1:9-18; Deuteronomium 31:28; Psalm 107:32.

God se Ou-testamentiese Gemeente (die volk van Israel) was al 'n werklikheid in 1447 v.C. (Ekodus 3:18; Eksodus 4:29). “Die oudstes (ouderlinge)” was die aangestelde leiers van God se Ou-Testamentiese Gemeente en het bestaan uit die hoofde van die twaalf stamme (Deuteronomium 31:28; 1 Samuel 4:3; Esra 6:7; Jeremia 19:1) of die hoofde van die families in die stamme (2 Samuel 12:17). Later, toe Israel in Palestina gaan woon het, het elke stad of dorp sy eie oudstes (ouderlinge) gehad (Deuteronomium 21:3; Rut 4:2; Spreuke 31:23).

Hierdie oudstes (ouderlinge) is deur die volk self “gekies” (Eksodus 3:16; Eksodus 18:13-26; Numeri 11:16-17; Deuteronomium 1:9-18). Hulle is geselekteer en aangestel op grond van hulle bekwaamhede, (letterlijk) hul vrees vir God en betroubaarheid, manne wat nie hulle eie voordeel soek nie, hul eerlikheid, leierskap, wysheid, verstandigheid en hulle ervaring. Hulle take was om leiers te wees oor groepe van duisend, honderd, vyftig of tien mense, met ander woorde, in ooreenstemming met hulle vermoëns en ervaring, en veral om regspraak te lewer oor die mense.

### 2. Die oudstes in die Ou-Testamentiese Medo-Persiese, Griekse en Romeinse periodes.

Die oudstes (ouderlinge) gedurende die periode van oorheersing deur vreemde politieke koninkryke (vanaf 597 v.C.) het gelei tot 'n hiërargiese leierskapsstruktuur met leiers wat heerskappy gevoer het oor hul onderdane. Hierdie historiese konteks is nie normatief nie.

(1) Die periode van die Medo-Persiese Ryk (559-331 v.C.)

Pas ná die Babiloniese Ballingskap (538 v.C.) gedurende die Medo-Persiese Ryk, is 'n beheerende liggaam ingestel onder leiding van Esra 458 v.C.) wat bestaan het uit 'n aantal aangestelde magistrats en regters (Esra 7:25-26; Esra 10:14).

(2) Die periode van die Grieks-Seleusidiese Ryk (vanaf 312 v.C.).

Gedurende hierdie periode is 'n ander beheerende liggaam ingestel, “die raad van oudstes” (Grieks” gerousia) wat bestaan het uit oudstes (ouderlinge), die hoëpriester en priesters. Hulle het die volk verteenwoordig (vergelyk die Apokriewe boek, 1 Makkabeërs 12:6). Daar was dus één liggaam wat beheer oor die hele Joodse volk ugeoefen het.

(3) Die periode van die Romeinse Ryk (vanaf die 1ste eeu v.C.).

Gedurende hierdie periode het elke plaaslike distrik sy eie “raad van oudste/ouderlinge” gehad. Dus was daar nogal baie rade van oudstes/ouderlinge. Maar tydens die periode van die Romeinse prokurotors (goewerneurs) was die raad van oudstes/ouderlinge van Jerusalem die magtigste beheerende liggaam en is “die Sanhedrin” genoem. Dit het bestaan uit die oudstes/ouderlinge, die huidige en vorige hoëpriesters en Skrifgeleerdes (Matteus 16:21). Die oudstes/ouderlinge was die lede van die Sanhedrin en het bestaan uit lede van die hoogste bevoorregte aristokratiese families in Jerusalem. Die Romeinse owerheid het die Joodse Sanhedrin bevoegdheid gegee oor alle interne sake, behalwe belastings, politieke en militêre aangeleenthede. Die Sanhedrin is selfs erken deur die Jode wat in die verstrooiing geleef het (Handelinge 22:5).

### 3. Die oudstes/ouderlinge in die Nuwe-Testamentiese Joodse gemeentes.

In die Nuwe Testament lees ons van die aanstelling van apostels (Markus 3:13-19) en die aanstelling van diakens (Handelinge 6:1-7), maar nie oor die aanstelling van oudstes/ouderlinge in die gemeentes onder die Jode nie. Die oudstes/ouderlinge in die gemeente van Jerusalem word eers in Handelinge 11:30 en Handelinge 15:2 genoem, maar hulle aanstelling word nêrens genoem nie. Dit was so omdat “die oudstes/ouderlinge al bestaande leierskapsamp in Israel was.

In die Nuwe-Testamentiese periode na Pinkster het die klein groepie dissipels van Jesus Christus gegroei tot God se Nuwe-Testamentiese Gemeente (Handelinge 2:41-42). Toe die apostels van Jesus Christus in die Nuwe-Testamentiese periode die eerste plaaslike gemeente onder die Jode gevestig het, is die oudstes/ouderlinge as 'n instelling onder die Jode sonder formele aanstelling gehandhaaf. Daarom was daar ook geen sprake van 'n formele aanstelling (bevestiging) van oudstes/ouderlinge in die gemeente van Jerusalem of ander Joodse gemeentes in die boek Handelinge nie. “Die oudstes/ouderlinge” was dus ook die aangestelde leiers van God se Nuwe-Testamentiese Gemeente. Die oudstes/ouderlinge van hierdie gemeente is waarskynlik gekies uit dieselfde klas manne as in die Ou Testament, naamlik, die familiehoofde en ander invloedryke manne. Hulle is waarskynlik op dieselfde wyse gekies as die oudstes in die Ou-Testamentiese periode en die diakens in die Nuwe-Testamentiese periode, naamlik, deur die volk (Deuteronomium 1:13; Handelinge 6:1-7).

Lukas (Handelinge 6:4), Petrus (1 Petrus 5:1) en Johannes (3 Johannes 1) maak duidelik dat die apostels van Jesus Christus as oudstes/ouderlinge in die plaaslike gemeente funksioneer het. Die vernaamste take van die oudstes/ouderlinge was die bediening van die Woord en gebed (Handelinge 6:4). Die diakens is gekies, nie om die gemeente te lei nie, maar om leiding te gee aan die noodsaaklike take (bedieninge) in die gemeente.

Die wêreldwye Liggaam van Christus bestaan uit heel baie plaaslike gemeentes wat oor die hele wêreld versprei is. Hierdie gemeentes het in huise bymekaar gekom (1 Korintiërs 16:19) en was selfstandig: “die gemeente van Jerusalem” (Handelinge 11:22), “die gemeente van Antiogië” (Handelinge 11:25), “die gemeentes in Sirië en Silisië (Handelinge



15:41), “de gemeente in Caesarea” (Handelingen 18:22) en “de gemeente van Efeze” (Handelinge 20:17) en die gemeente wat gereeld in die huis van by Priscilla en Akwila bymekaargekom het. Hierdie selfstandige gemeentes het net ‘n raad van oudstes/ouderlinge gehad, maar geen oorkoepelende organisasie bokant die oudstes/ouderlinge nie! Net Jesus Christus is die Hoof oor elke plaaslike gemeente en die wêreldwye Gemeente.

#### 4. Die oudstes/ouderlinge in die Nuwe-Testamentiese “heidengemeentes”.

*Lees* Handelinge 14:23; Titus 1:5. Die aanstelling van oudstes/ouderlinge in die heiden gemeentes is duidelik genoem in die boek Handelinge, omdat die heidene nie die instelling van oudstes/ouderlinge soos by die Jode geken het nie. Daarom het die apostels van Jesus Christus en hulle medewerkers die plaaslike gemeentes onder die heidene gevestig en “in elke gemeente oudstes/ouderlinge aangestel” (Handelingen 14:23) of “in elke stad ouderlinge aangestel” (Titus 1:5). Oudstes/ouderlinge is aangestel om die plaaslike gemeente te lei (Handelinge 20:17,28; 1 Timoteus 5:17). Daar was nooit maar net één oudste/ouderling aangestel soos vandag gebeur nie: “die priester” of “die pastor” of “die dominee”, daar was altyd meer as één oudste/ouderling aangestel om aan die gemeente leiding te gee (Handelinge 14:23; 1 Timoteus 5:17; 1 Petrus 5:2-3). Hierdie groep van oudstes/ouderlinge word “die raad van oudstes/ouderlinge” (Grieks: presbuterion) genoem (1 Timotheus 4:14).

Leierskap in die Gemeente (Kerk) is nooit ’n hiërargie nie, maar altyd gedeelde leierskap.  
Leierskap in die Gemeente is nooit heersende leierskap, maar altyd dienende leierskap!

Die woord “aangestel” beteken letterlik: “gekies met opsteek van hande” (Grieks: cheirotoneó), maar kan nie hierdie betekenis hier hê nie, omdat Paulus en Barnabas (en nie die hele gemeente) hier die onderwerp van hierdie werkwoord is. Die woord beteken gewoon: “kies”, “aanstel” of “bevestig” sonder om die wyse van kies of die vorm van bevestiging aan te dui nie. Ons mag dus aanneem dat die wyse van seleksie van oudstes/ouderlinge dieselfde was as die seleksie van diakens, naamlik:

- die Christene (gewone gemeentelede) kies oudstes/ouderlinge op basis van die Bybelse vereistes
- en die apostels (wat toe gefunksioneer het as bestaande ouderlinge) het hulle aangestel (bevestig) (Handelinge 6:5-6).

Leierskap in die Nuwe-Testamentiese gemeente is nooit demokraties (deur middel van stemreg) nie, maar altyd op grond van die Bybelse vereistes!

“Die oudstes/ouderlinge” (Grieks: presbuteroi) is dus die aangestelde leiers van die Gemeente (Kerk)(Titus 1:5) en “die raad van oudstes/ouderlinge” (Grieks: presbuterion) is die officieel gekonstitueerde of aangestelde leierskapsgroep van elke plaaslike gemeente (1 Timoteus 4:14).

#### 5. Die ouderlinge in die Nuwe Testament onderrig van die Bybel.

Die apostels van Jesus Christus en hulle medewerkers het in die eerste gemeentes ouderlinge aangestel as die leiers van die selfstandige plaaslike gemeentes (Handelinge 14:23; Titus 1:5). Die ouderlinge behoort vandag nog steeds die aangestelde leiers van die selfstandige gemeentes te wees! Terwyl die apostels van Jesus Christus nie opgevolg kon word nie (Handelingen 1:21-22), het die selfstandige plaaslike gemeentes hul eie ouderlinge gekies in ooreenstemming met die geskrewe instruksies van die apostels van Jesus Christus. m.b.t. die aanstelling van ouderlinge (Handelingen 20:17,28; 1 Timoteus 3:1-7,14-15; 1 Timoteus 5:17-22; Titus 1:5-9; 1 Petrus 5:1-4).

Deur middel van die Heilige Gees stel God die ouderlinge van ’n gemeente aan en bepaal hul taakoms krywing (verantwoordelikhede). Die apostel Paulus het die ouderlinge (Grieks: presbuteroi)<sup>14</sup> van die gemeente van Efese saamgeroep (Handelinge 20:17) en aan hulle (letterlik) gesê: “Let *voortdurend* op julle self (Grieks: prosechó) en op die hele kudde, waaroor die Heilige Gees julle as opsieners (vgl. biskoppe)(Grieks: episkopoi) aangestel het om die gemeente van God (as herders) (vgl. pastors) te wei (op te pas) (Grieks: poimainó) – die gemeente wat Hy vir Hom verkry het deur die bloed van sy eie Seun” (Handelingen 20:28).

En die apostel Petrus het aan die ouderlinge (Grieks: presbuteroi) in die gemeentes van Klein Asië (Turkye) geskrywe: “Wei (pas as ’n herder op)(Grieks: poimainó)(bevel in die aoristus tyd) die kudde van God wat aan julle toevertrou is. Hou (as opsieners/biskoppe) toesig (Grieks: episkopeó)(deelwoord as bevel in die onvoltooide teenwoordige tyd) oor hulle, nie uit dwang nie, maar gewillig, soos God dit ver wag, nie om eie gewin nie, maar uit toegewydheid; ook nie deur baas te speel oor dié wat God aan julle sorg toevertrou het nie, maar deur ’n voorbeeld vir die kudde te wees” (1 Petrus 5:2-3).

Dus, beide die apostels Paulus en Petrus leer duidelik dat die oudstes/ouderlinge die leiers van die plaaslike gemeente is (Handelinge 11:1; Handelinge 15:2,4,6,22; Handelinge 14:23; Handelinge 20:17; 1 Timoteus 4:14; 1 Timoteus 5:17; Titus 1:5; 1 Petrus 5:1) met die taakoms krywing om “opsieners” en “herders” van die gemeente te wees (Handelinge 20:17,28; 1 Timoteus 3:11; 1 Petrus 5:2). Dit toon ook duidelik aan dat die woorde “oudste/ouderling”, “opsiener” en “herder” in die Nuwe Testament verwisbaar is! Dit dui één en dieselfde amp aan en nie drie verskillende ampte nie!

Die woorde: “priester”, “biskop” en “pastoor/pastor” is nie goeie vertalinge uit die Grieks nie, omdat hierdie vertaalde woorde in teenstelling met die oorspronklike Grieks van die grondteks magsoosisies uitdruk! In die Nuwe-

<sup>14</sup> “Oudsten” en niet “priesters”, “dominees” of “voorgangers” zoals het woord hier in sommige andere talen vertaald word!

Testamentiese periode was hierdie drie woorde alleen gebruik om die amp van ouderling aan te dui. Maar vanaf die tweede en derde eeu na Christus begin hierdie woorde hiërargiese posisies van mag uit te druk! Lees handleiding 4, supplement 19: oor “Die historiese ontwikkeling van leierskap in die Christelike Kerk”.

In die Nuwe-Testamentiese gemeente (kerk) was daar nie ’n hiërargie van leiers nie! Daar was alleen ’n groep ouderlinge wat saam ’n raad van ouderlinge vir die plaaslike gemeente gevorm het en die leierskap met mekaar gedeel het. Die woord “ouderling” (Grieks: presbuteros) druk sowel die leier se geestelike volwassenheid en ervaring as die respek wat hy afdwing uit. En die woorde “opsiener” (Grieks: episkopos) en “Herder” (Grieks: poimén of Latijn: pastor) druk die aard van hulle take (verantwoordelikhede) uit. Al die ouderlinge van die plaaslike gemeente is opsieners en herders van die gemeente. Al die ouderlinge het ’n pastorale, bestuurlike en onderwysende taak in die gemeente.

## E. DIE BYBELSE VEREISTE KWALIFIKASIES VIR OUDERLINGE

**Lees** 1 Timoteus 3:1-7; Titus 1:6-9.

Alleen manne mag tot ouderling gekies en aangestel word as hulle aan die Bybelse vereiste kwalifikasies voldoen. Hierdie kwalifikasies kan in drie groep onderverdeel word:

### 1. Vereiste kwalifikasie m.b.t. zijn gedrag.

M.b.t. sy temperament moet hy selfbeheersing besit. M.b.t. geld moet hy eerlik wees. M.b.t. sy motivering mag hy nie materialisme tot doel hê nie.

### 2. Vereiste kwalifikasie m.b.t. hulle gesinslewe.

M.b.t. vroue moet hy ’n voorbeeld wees van getrouheid teenoor sy vrou. As hy nog ongetroud is, moet hy ’n voorbeeld van ingetoënheid en reinheid teenoor alle vrouens wees. T.o.v. sy kinders, moet hy hulle lei tot geloof in en gehoorsaamheid aan Christus en tot respek vir sy ouers.

### 3. Vereiste kwalifikasie m.b.t. hulle bedieningsvaardighede.

M.b.t. die volwassenheid mag hy geen nuwe Christen of ’n onvolwasse Christen wees nie. M.b.t. die Bybel moet hy vashou aan die gesonde leer en in staat wees om die Bybel te gebruik om te preek, onderrig te gee en mense te lei.

## F. DIE VEREISTE TAKE VAN OUDERLINGE VOLGENS DIE BYBEL

### 1. Die eerste taak van die raad van ouderlinge:

Om herders<sup>15</sup> en opsieners<sup>16</sup> van God se kudde te wees.

**Lees** Handeling 6:4; Handeling 20:17,28-30; 1 Petrus 5:1-2.

Die eerste taak van die ouderlinge is om herders (pastors) en opsieners van God se kudde te wees.

- Hulle is aangestel tot opsieners van die gemeente (Handeling 20:28)
- Hulle is die herders van die kudde van God (1 Petrus 5:2)

Daar behoort nie maar net één leier (bv. priester, pastoor, herder, dominee of voorganger) in ’n plaaslike gemeente te wees nie, maar wel ’n raad van ouderlinge wat saam as span die leierskapstake vervul! Elke ouderling behoort ’n herder te wees met herderlike (pastorale) verantwoordelikhede.

As herders behoort die ouderlinge toesig oor die gemeente te hou soos Jesus, die Goeie Herder, die Opperherder van die wêreldwye Gemeente is (Psalm 23; Johannes 10:16; Johannes 17; 1 Petrus 2:25; 1 Petrus 5:4). Die ouderlinge behoort die gemeentelede te voed, te beskerm, te versorg en te lei met die oog op hulle geestelike groei en welsyn. Die ouderlinge moenie hulle taak uitvoer as heersers (base) nie, maar vrywillig, met toewyding en as voorbeelde vir die gemeentelede (1 Petrus 5:3-4). Dit voorkom hopelik outoritêre gedrag by sommige kerkleiers. Die ouderlinge moenie hulle taak beskou as die bekleding van ’n sekere magposisie nie, maar as ’n diens wat hulle lewer.

Elke ouderling behoort toesig te hou oor die ander ouderlinge en die gemeentelede (Handeling 20:28). Op hierdie manier moet nie net die gemeentelede nie, maar ook die ouderlinge rekenskap doen oor hoe hulle hul gedra (Hebreërs 13:17). Die ouderlinge behoort die gemeentelede te beskerm teen valse leraars – d.w.s. mense wat die waarheid van die Bybel verdraai en probeer om die lede vir hulleself te wen (Handeling 20:29-31). Die ouderlinge behoort ook aandag te gee aan die swakkes en hulpbehoewende gemeentelede, soos weeskinders, weduwees, vreemdelinge en nuwe bekeerlinge (1 Tessaloniense 5:12-14). Ouderlinge behoort die siekes te besoek en vir hulle te bid (Jakobus 5:14).

### 2. Die tweede taak van die raad van ouderlinge:

om leiers<sup>17</sup> en bestuurders<sup>18</sup> van God se huishouding te wees.

**Lees** 1 Tessaloniense 5:12-13; 1 Timoteus 3:4-5; 1 Timoteus 5:17; Titus 1:7.

<sup>15</sup> Grieks: poimén; Latyn: pastor

<sup>16</sup> Grieks: episkopos

<sup>17</sup> Grieks: prohistamenos

<sup>18</sup> Grieks: oikonomos

Die tweede taak van die ouderlinge is om leiers en bestuurders van God se huishouding te wees.

- Hulle moet “hul eie huisgesin en die gemeente lei deur voor te loop” (Grieks: proistémi) (1 Timoteus 3:5; 1 Timoteus 5:17)
- Hulle moet die huishouding van God bestuur as ’n ekonoom, rentmeester of beheerder (Grieks: oikonomos) (Titus 1:7)

In 1 Tessalonisense en 1 Timoteus word die taak van die ouderlinge omskryf as ’n leier wat voorloop en rigting aandui deur sy voorbeeld. Sy leierskapstyl is nie een van heerskappy uitoefen oor diegene wat aan hom toevertrou is nie, maar is leidinggewend deur sy voorbeeld (1 Petrus 5:2-3). Wanneer ’n ouderling nie langer sy eie gesin kan lei nie (1 Timoteus 3:4-5), of sy vrou en kinders het meer aandag nodig, dan behoort hy sy taak en funksie as ouderling neer te lê, sodat hy aan sy gesinslede die nodige aandag kan gee. Daar moet dus ’n balans wees tussen sy verantwoordelikhede tuis en sy verantwoordelikhede in die gemeente.

In Titus word die taak van die ouderlinge omskryf as ’n rentmeester, ekonoom, bestuurder of administrateur van ’n huis (Grieks: oikos). Die styl waarin dit moet gebeur is om te dien! Aan die ouderlinge word die taak toevertrou om die aktiwiteite en besittings van die plaaslike gemeente te beheer. Nie die diakens nie, maar die ouderlinge is belas met die bestuur en beheer van die gemeente.

Die volgende funksies of take met betrekking tot mense en aktiwiteite val onder die leiding en bestuur van die ouderlinge. Natuurlik moet ouderlinge baie take deleger aan die gemeentede, maar die ouderlinge bly verantwoordelik vir hierdie take en is verantwoording verskuldig aan die Here en aan die raad van ouderlinge (kerkraad).

(1) Die ouderlinge lei die byeenkoms van die gemeente.

Hulle bevorder en lei die weeklikse byeenkoms soos die erediens en die byeenkomste van kleiner groepe vir Bybelstudie, gebed en gemeenskap (Handelinge 2:42). Hulle bevorder en lei ook die spesiale byeenkomste soos doop en Nagmaal, die kerklike feeste, huwelike, begrafnisse, huisbesoeke en byeenkomste om die gemeentede toe te rus.

(2) Die ouderlinge gee leiding met die sendingtaak van die gemeente.

Hulle stimuleer die gemeentede om vir mense in die wêreld te bid (1 Timoteus 2:1-2), ’n goeie invloed in die samelewing en die verskillende instellings soos skole, verenigings en die owerhede te hê (Matteus 5:14-16) en evangelisasie te doen, sowel in die familie as daarbuite om (Matteus 10:32-37; Handelinge 5:42). Hulle bevorder die sending na ander dele van die land asook na ander lande. Hulle ondersteun gemeentes wat verdruk en vervolgd word en ander christelike organisasies (Romeine 15:23-24; Filippense 1:5; Filippense 4:15-16; 3 Johannes 5-8) (*Lees* 2 Korintiërs 8).

(3) Die ouderlinge lei die opleidingsprogramme van die gemeente.

Hulle lei die groep voor belydenisaflegging en doen die dooponderrig. Hulle gee nasorg aan nuwe gelowiges, sorg dat alle gelowiges tot dissipels van Jesus Christus gemaak word en toegerus word vir verskillende take in die liggaam van Christus (Efesiërs 4:11-14). Hulle sorg daarvoor dat daar opleiding gegee word aan die ouderlinge in die raad van ouderlinge en die leiers in die volgende groepe: evangelisasie, disipelmaking, sending, Sondagskool, kategeses, skoling van die kinders, tiener- en jeugklubs en ander kringe/groepe.

(4) Die ouderlinge sorg dat die gemeentede goed funksioneer.

Hulle spoor alle gemeentede aan tot liefde in hulle verhoudings, tot goeie werke in hulle aktiwiteite en getrouheid in die onderlinge byeenkomste (Hebreërs 10:24-25). Hulle spoor die gemeentede aan om een taak in die plaaslike gemeente te hê wat pas by hulle talente en geestesgawes of wat Jesus vir hulle wys. Hulle help die gemeentede om hulle talente en gawes te ontdek en sorg dat daar moontlikhede is om dit in verskillende bedieninge te kan benut. Hulle is verantwoordelik vir die gedrag van die gemeentede en vir orde in die gebruik van die geestesgawes (Romeine 12:3-8; 1 Korintiërs 12:4-7; 1 Korintiërs 14:26-40; 1 Tessalonisense 5:19-21; 1 Timoteus 4:14; 2 Timoteus 1:6; 1 Johannes 4:1). Hulle stimuleer en sien toe dat persoonlike hulp aan die gemeentede gegee word (Handelinge 18:24-28). Hulle vermaan, korrigeer en bemoedig en onderrig die gemeentede op geduldige wyse (2 Timoteus 4:1-5; Titus 2:15). Hulle organiseer die pastorale sorg in die gemeente (1 Tessalonisense 5:12-15). En hulle handhaaf die christelike tug (Matteus 18:15-17; vergelyk 1 Korintiërs 5:9-13).

### 3. Die derde taak van die raad van ouderlinge:

#### Om leraars van God se Woord te wees.

*Lees* 1 Tessalonisense 5:12; 1 Timoteus 3:2; 1 Timoteus 5:17; Titus 1:9.

Die derde taak van die oudstes is om leraars van God se Woord te wees.

- Hy moet “’n goeie leraar wees” (Grieks didaktikos) (1 Timoteus 3:2)
- Hy moet “hard werk deur te preek en onderrig te gee” (Grieks: hoi kopióntes en logó kai didaskalia) (1 Timoteus 5:17).
- En hy moet “vashou aan die betroubare woord (boodskap) waarin hy onderrig is. Dan sal hy in staat wees om ander met die gesonde leer aan te moedig en die argumente van teenstanders te weerlê” (Titus 1:9)<sup>19</sup>.

<sup>19</sup> Grieks: αντεχομενον του κατα την διδαχην πιστου λογου, ινα δυνατος η και παρακαλειν εν τη διδασκαλια τη υγιαينوυση

Die verantwoordelikhede van die ouderlinge met betrekking tot die Bybel is die volgende:

(1) Verkondiging.

Hulle verkondig God se Woord aan ongelowiges; nie-Christene en Christene (1 Timoteus 5:17).

(2) Bybelstudie.

Hulle gebruik die Bybel vir groepsbesprekings met ongelowiges en gelowiges om die waarheid te ontdek (Handelinge 17:1-4,11)<sup>20</sup>.

(3) Onderrig.

Hulle leer/onderrig die gemeentelede oor die hele wil van God soos dit bekend gemaak is in die Bybel (Handelinge 20:20,27)<sup>21</sup>. Hulle mag nie verder gaan as wat daar in die Bybel geskryf staan nie (1 Korintiërs 4:6).

(4) Toepassings.

Hulle leer die gemeentelede om die gebooi van Jesus te gehoorsaam (Matteus 28:20a; Filippense 4:9)<sup>22</sup>

(5) Pastoraat.

Hulle gebruik die Bybel om God se Woord in die denke/gedagtes van gelowiges te graveer, die gelowiges tereg te wys, bang mense te bemoedig, lui mense te waarsku en mense wat hulle teenwerk tereg te wys (Kolossense 3:16; 1 Tessalonisense 5:12-15; 2 Timoteus 2:23-26).

(6) Leerstellings.

Hulle gebruik die Bybel as riglyn vir die gesonde leer (2 Timoteus 1:13) en bespreek en besluit oor leerstellings sake (Handelinge 15) en weêrlê valse leerstellings (Titus 1:9).

#### 4. Die vierde taak van die raad van ouderlinge:

##### Om dienaars van God en mense te wees.

*Lees* Matteus 20:25-28; 1 Petrus 5:2-3.

Die vierde taak van die ouderlinge is om dienaars van God en mense te wees.

- Hulle moet dienaars wees wat nooit heers oor mense wat aan hulle toevertrou is nie.
- Hierdie taak beskryf die leierskapstyl van die ouderlinge.

Jesus het sy dissipels nader geroep en gesê: “Julle weet dat dit by die nasies so is dat die regeerders oor hulle baasspeel, en dat die groot manne die mag oor hulle misbruik. Maar by julle moet dit nie so wees nie. Elkeen wat in julle kring groot wil word, moet julle dienaar wees; en elkeen wat onder julle die eerste wil wees, moet julle slaaf wees. So is dit ook met die Seun van die mens: Hy het nie gekom om gedien te word nie maar om te dien en sy lewe te gee as losprys vir baie mense.” (Matteus 20:25-28). Die oudstes moet dus hulle verantwoordelikhede uitvoer t.w.v. die welsyn van andere. Om te dien is nie net die taak van die oudstes/ouderlinge nie, maar terselfdertyd ook die manier waarop hulle hul leierskap uitoefen. Die woord “dien” vat die manier van leiding gee in één woord saam.

“Leierskap” in die Bybel is heeltemal die teenoorgestelde van leierskap in die wêreld! Die ouderlinge moet vrywillig, met toewyding sonder enige persoonlike gewin en as voorbeeld dien. Hulle mag nooit heers oor die gemeentelede nie (1 Petrus 5:2-3)! Hulle moet lei deur voor te loop en ’n goeie voorbeeld wees. In plaas van gedien te word deur gemeentelede, moet die ouderlinge die gemeentelede dien (Lukas 22:25-27)! Christelike leierskap is dus altyd gedeelde leierskap en altyd dienende leierskap.

## G. DIE TOERUSTING VAN OUDERLINGE

Ouderlinge is nie noodwendig spesiaal opgelei of voltydse werkers nie. Gedurende die Nuwe-Testamentiese periode was daar geen voltydse ouderlinge (priesters, pastore, dominees, voorgangers, leraars) nie. Tog moet die ouderling ’n goeie begrip van die gesonde christelike leer hê (Titus 1:9) en moet hy in staat wees om God se Woord aan andere te leer (1 Timoteus 3:2).

Die apostels het “in-diens-opleiding” van Jesus self ontvang. So ontvang die ouderlinge dikwels “in-diens-opleiding” vir hulle take. Titus en Timoteus het bv. hulle “in-diens-opleiding” ontvang van die apostel Paulus.

Die Bybel leer NÊRENS dat net die ouderlinge wat formele opleiding by ’n Bybelskool of teologiese opleidingskool gehad het mag preek, Bybelonderrig mag gee, die doop en Nagmaal mag bedien, die seën mag uitspreek en huwelike of nuwe ampte mag bevestig nie.<sup>23</sup>

Sommige ouderlinge is spesifiek predikers en leraars (1 Timoteus 5:17), maar die Bybel sê nie dat hulle dit voltyd doen het nie en ook nie dat net hulle dít mag doen nie! Alle volwasse Christene (dissipels) word deur Jesus Christus beveel om ander mense uit God se Woord onderrig te gee (Matteus 28:19; Kolossense 3:16).

Hoewel sommige Christene mense soos Timoteus en Titus beskou as moderne opgeleide pastore, dominees of voorgangers, was hulle meer as dit. Hulle het saam met die apostel Paulus gereis op sy sendingreise of het alleen gereis

---

και τους αντιλεγοντας ελεγγειν.

<sup>20</sup> Vergelyk evangelisasie, www.deltacursus.nl

<sup>21</sup> Vergelyk www.deltacursus.nl

<sup>22</sup> Vergelyk die Bybeltoepassings, www.deltacursus.nl.

<sup>23</sup> Die gebruik is ’n oorbyfsel van die middeleeuse skeiding tussen “clericus” (kerklike ampsdraers) en “laicus” (kerkgangers, leke).

om 'n bepaalde sendingtaak (bv. kerkplanting) uit te voer. Hulle was dus eerder sendelinge! Maar ook Timoteus en Titus het hulle opleiding direk van Paulus ontvang en nie van een of ander teologiese instelling nie.

## H. DIE GESAG VAN OUDERLINGE

### 1. God delegeer gesag.

God delegeer gesag (Romeine 13:1-2), maar alle gesagsdraers se gesag is beperk (Handelinge 4:19-20; Handeling 5:29). Alle ouderlinge staan onder die gesag van die Here Jesus Christus, d.w.s.:

- onder die gesag van die Bybel (korrek uitgelê)(1 Korintiërs 4:6)
- onder die gesag van die Gees van Jesus Christus wat nooit iets teen die Bybel sal sê nie (Matteus 28:19; Johannes 16:13-5)
- onder die gesag van die raad van ouderlinge (Handelinge 20:28; 1 Petrus 5:5) wat nooit mag gaan buite wat in die Bybel geskryf staan nie (1 Korintiërs 4:6).

### 2. Die ouderlinge het beperkte gesag op die volgende terreine.

Die ouderlinge het gesag op die terreine van hulle aangewese Bybelse take. Die gemeentelede moet hulle aan die ouderlinge onderwerp in die uitoefening van hierdie Bybelse take in die gemeente (1 Tessalonisense 5:12). “Wees gehoorsaam (Grieks: hegoumenoi) en onderdanig aan hulle, want dan sal hulle hulle werk met vreugde kan doen en nie kla nie; anders het dit vir julle geen nut nie.” (Hebreërs 13:17,24).

Maar iemand in 'n leiersposisie wat nie die Woord van God bring en nie 'n voorbeeld is van gehoorsaamheid aan die Woord nie, kan nie as 'n leier beskou word nie! “Dink aan julle voorgangers wat die woord van God aan julle verkondig het. Let op hulle lewenswandel tot die einde toe, en volg die voorbeeld van geloof wat hulle gestel het” (Hebreërs 13:7)!

### 3. Die ouderlinge het geen gesag op die volgende terreine nie:

Die ouderlinge<sup>24</sup> het geen gesag om mense te red (verlos, behou), met die Gees te doop, deur die Gees te lei, genadegawes van die Gees te skenk, met die vrug van die Gees te verander, of tot 'n spesifieke bediening te roep, 'n spesifieke taak op te lê of seënnend in 'n bepaalde bediening te gebruik nie. Hierdie take behoort uitsluitlik tot die Here Jesus Christus en sy Gees en nie tot die ouderlinge nie! Die gemeentelede is nie die besitting en ook nie die onderdane van die ouderlinge nie. Die ouderlinge het geen gesag oor die daaglikse lewe, besittings of geld van die gemeentelede nie. Hulle het geen gesag oor hulle gesinne, werk of tydsbesteding nie. Daarom beveel Jesus Christus die ouderlinge om nie te heers oor die lewens van die mense wat aan hulle toevertrou is nie (Matteus 20:25-28; 1 Petrus 5:2-3).

### 4. Die ouderlinge in die raad van ouderlinge het gelyke gesag, maar verskillende take.

Sommige ouderlinge gee leiding aan die gemeente, terwyl ander ouderlinge hulle besig hou met die prediking en die onderrig (1 Timoteus 5:17). Hoewel hulle take in die gemeente verskillend is, vorm hulle saam die raad van ouderlinge (1 Timoteus 4:14). Eén ouderling is nie belangriker as 'n ander ouderling nie.

Die moderne onderskeid tussen leiers in die gemeente wat opgelei is in 'n Teologiese Seminarium of Bybelskool en die ander leke ouderlinge van die gemeente het nie in die Nuwe-Testamentiese periode bestaan nie. Ook die moderne onderskeid tussen geordende leraars (dominees, voorgangers, in die R.K. Kerk: die clerici) en leke ouderlinge (R.K.Kerk: de laici) bestaan nie. Alle ouderlinge was gewone Christene wat tot dissipels gemaak is, daarna toegerus is deur gewoon met die taak besig te wees<sup>25</sup> en ten slotte “aangestel” word (Grieks: cheirotoneó) (Handelinge 14:23) of (Grieks: kathistémi) (Titus 1:5) om bepaalde take in die gemeente amptelik uit te voer.

### 5. Jong ouderlinge het dieselfde gesag as die ou ouderlinge.

Hoewel God 'n nederige houding van sowel jongeres as oueres verwag (1 Petrus 5:5-6) gee God ook aan die jonger ouderlinge verantwoordelikheid en gesag om ander ouderlinge en mense wat ouer as hulleself is te onderrig, te vermaan en te korrigeer, as dit nodig is (1 Timoteus 1:3-5; 1 Timoteus 4:11-13; 1 Timoteus 5:20; 2 Timoteus 2:22-26). Nietemin behoort alle ouderlinge mekaar met respek te behandel (1 Timoteus 3:2; 1 Timoteus 5:1-2 Titus 1:7).

## I. HISTORIES OORKOPELENDE LEIERSKAPSTRUKTURE: KONSILIES EN SINODES.

### 1. Die Nuwe Testament leer dat elke gemeente sy eie raad van ouderlinge gehad het.

In die Nuwe-Testamentiese Gemeente was daar geen hiërargie nie! 'n Plaaslike gemeente in die Nuwe Testament is nie deur één enkele leier (pastoor, dominee, voorganger, ens.) gelei nie, maar deur “'n raad van ouderlinge” (Grieks: presbuterion) (1 Timoteus 4:14). Die take van 'n raad van ouderlinge was om die gemeente as 'n herder te wei (op te pas) en om oor die gemeente toesig te hou (Handelinge 20:28; 1 Petrus 5:2). Leierskap in die Nuwe Testament

<sup>24</sup> Ook geen enkele kerklike instituut of organisasie het gesag om mense te red nie!

<sup>25</sup> Engels: “on the job training”

Gemeente is nooit die voorreg van één leier nie, maar die verantwoordelikheid van 'n groep manne, wat saam “die ouderlinge” of “die raad van ouderlinge” (Grieks: presbuterion) genoem is. Alle ouderlinge het leierskapverantwoordelikheid oor die gemeente met mekaar gedeel (Handelinge 11:30; Handelinge 14:23; Handelinge 15:2,22; Handelinge 20:17; 1 Timoteus 5:17; Titus 1:5; Jakobus 5:14; 1 Petrus 5:1). In die Nuwe Testament word die woorde “herder” en “opsiener” altyd geassosieer met die woord “ouderling” (Grieks: presbuteros).

## 2. Die ouderlinge in die raad van ouderlinge hou toesig oor mekaar.

Die apostel Paulus het die ouderlinge (Grieks: presbuteroi) van die gemeente in Efese beveel om nie net toe te sien en te sorg (Grieks: prosechó) vir die kudde nie, maar ook op mekaar as ouderlinge ag te gee (Handelinge 20:17,28). Daarom het geen enkele ouderling in die raad van ouderlinge 'n hoër posisie of gesag as die ander ouderlinge nie! In die raad van ouderlinge mag daar geen “primus inter pares” (eerste onder gelykes) wees nie. Die ouderlinge moet na mekaar omsien. In die Bybel is daar geen bewys dat daar in die wêreldwye Gemeente (Kerk) een of ander amp bó die ouderlinge van die plaaslike gemeentes was nie! Die moderne onderskeid tussen “priesters” en “'n biskop” wat oor priesters aangestel word, bestaan nie in die Nuwe Testament nie! Die opsienerstaak was 'n taak vir al die ouderlinge in die raad van ouderlinge!

## 3. Die Jerusalem vergadering was 'n oorleg en 'n konsilie of sinode bó die raad van ouderlinge nie.

Was daar gedurende die Nuwe-Testamentiese tyd ander (hoër) leiers bó die ouderlinge van die plaaslike gemeente? *Lees* Handelinge 15:1-2,4,6,22; Handelinge 20:17,28.

Die vergadering in Jerusalem was 'n oorleg tussen die afgevaardigdes van die plaaslike gemeente van Antiogië (uit die heidendom) en die afgevaardigdes van die plaaslike gemeente van Jerusalem (uit die Jodedom) wat die apostels van Jesus Christus ingesluit het (Handelinge 15:1-35). Die doel van hierdie byeenkoms was oorleg, om vas te stel of die besnydenis en die ander seremoniële wette van die Ou Testament nog van toepassing was in die Christelike Gemeente. Daar was naamlik Joodse Christene wat na Antiogië gereis het en geleer het dat die heidense bekeerlinge in Antiogië besny moes word (Handelinge 15:1; Galasiërs 1:6-9; Galasiërs 4:9-10,17; Galasiërs 5:1-12; Galasiërs 6:12-16). Hierdie vergadering in Jerusalem was 'n Oorleg tussen net twee plaaslike gemeentes en nie 'n besluitvormende vergadering (konsilie of sinode) van afgevaardigdes van alle bestaande plaaslike gemeentes in die wêreld nie! Die oorleg in Jerusalem het geen gesag ontvang of gekry oor ander plaaslike gemeentes nie.

Die woord “besluite” of “bepalings” (Grieks: dogmata kekrimena) in Handelinge 16:4 hoort by die terminologie van die regbank en is geen afdwingbare of bindende besluit nie, maar besluite in die sin van “advies” van die apostels aan die plaaslike gemeentes. Hierdie advies mag aangeneem of verwerp word. Wat alle Christene moet gehoorsaam is om hulle te onthou van afgodery en seksuele immoraliteit (Handelinge 16:4). En wat alle christene moet vermy is om deur hulle gedrag aanstoot te gee aan Jode. Die Christene uit die heidendom moes hulle bes doen om die Christene uit die Jodedom nie aanstoot te gee met hulle gedrag nie. Ten einde hulle swakkere broers steeds te bly liefhê, moes hulle “die noodsaaklike dinge” (Grieks: epanagkes) vermy, naamlik, die eet van voedsel wat aan die afgode geoffer was en die eet van vleis van diere wat verwurg is, waar daar nog bloed in was (Handelinge 15:28-29; vergelyk Romeine 14:1-6). Dus, hierdie “besluite” gaan uiteindelik oor die wet van die liefde!

Daar is geen enkele bewys in die Bybel vir “'n konsilie” of “'n sinode” van afgevaardigdes van plaaslike gemeentes wat bó die rade van ouderlinge van plaaslike gemeentes gestaan het of wat bindende besluite geneem het waaraan alle plaaslike gemeentes hulle moes hou nie! Tradisionele konsilies of sinodes het eers na die tweede eeu n.C. tot stand gekom!

## 4. Die historiese ontwikkeling van leierskap in die Christelike Kerk tot 'n hiërargie.

Vergelyk handleiding 4, supplement 19.

5	GEBED (8 minute)	<i>[REAKSIES]</i> GEBED IN ANTWOORD OP GOD SE WOORD
---	------------------	--

*Bid* saam as antwoord op wat God gesê het. Laat elkeen in die kring om die beurt kort (in één of twee sinne) reageer op wat hy in hierdie byeenkoms van God geleer het.

Of verdeel die groep in groepies van twee of drie en bid saam vir mekaar (Romeine 15:30; Kolossense 4:12).

6	VOORBEREIDING (2 minute)	<i>[OPDRAGTE]</i> VIR DIE VOLGENDE BYEENKOMS
---	--------------------------	---

*Deel* die voorbereiding vir die volgende byeenkoms uit op 'n stukkie papier of laat die groeplede dit neerskryf.

- Toewyding. Wy jou daaraan toe om 'n dissipel te wees en dissipels te maak. Verkondig, leer of bestudeer die studie oor die kenmerke van 'n christenleier met iemand anders of met 'n klein groepie mense.

2. Persoonlike tyd met God. Hou stiltetyd met God uit ongeveer 'n halwe hoofstuk per keer uit Prediker 5, 6, 7 en 8. Maak gebruik van die gekose Bybelvers of die gunstelingwaarheidmetode en maak kort aantekeninge.
3. Bybelstudie. Berei die volgende Bybelstudie tuis voor. (6) Handeling 20:17-38. Tema: Die leierskap van die gemeente in die wêreld deurgee. Maak gebruik van die vyf stappe metode en maak kort aantekeninge.
4. Gebed. Bid vir iemand of iets hierdie week en sien met verwagting uit na wat God doen (Psalm 5:4).
5. Hou jou notas op datum. Hierdie keer oor aanbidding van God, jou stiltetyd en oor christen leierskap.